verhewe nie.

"Ons standpunt is eenvoudig. Ons is dieselfde gesamentlike lei-

ontvangkant van erge geweld, intimidasie en fisieke en seksuele aanrandings.

Smit is die volgende oggend na Upington se landdroshof gebring. "Dit was byna middagete. Die landdros sê



| GOUD | OLIE | R/$ |
|---|---|---|
| 816,95 | 110,32 | 7,78 |

VANDAG SE WEER

| BFN | KBY | BHM |
|---|---|---|
| 02 21 | 07 24 | -2 19 |

KRY ONS HIER BL 2

BETER BESTE & GROOTSTE SPEEL SAAM Bl. 6

# Drie senior amptenare geskors weens betrokkenheid by flaminke-veldtog

■ JANA ENGELBRECHT en HANNATJIE VAN DER MERWE

KIMBERLEY. – Mense het gister ontstoke gereageer op die skorsing van drie senior amptenare van die Noord-Kaapse departement van ekonomie, toerisme, omgewing en bewaring.

Mnre. Mark Anderson, ornitoloog, Julius Koen, adjunkdirekteur: bewaring, en Eric Hermann van wetenskaplike dienste, is Maandag met volle voordele geskors omdat hulle glo betrokke was of is by die veldtog vir die red van die flaminke van Kamfersdam net buite Kimberley.

Al drie het senior aanstellings op assistent-direkteursvlak.

Dié veldtog is nie net oor die beplande residensiële ontwikkeling naby die kunsmatige broei-eiland van die kleiner flaminksoort van Kamfersdam nie, maar veral omdat kommer bestaan oor die watergehalte omdat 'n hoë volume van uiters swak gehalte (rou) riool glo in Kamfersdam vloei weens die feit dat 'n deel van die Homevale-rioolaanleg glo nie operasioneel is nie.

Mnr. Mandla Ndzilili, woordvoerder van bogenoemde departement, het gesê dié drie is geskors nadat die bestuur van die departement hieroor gepraat het.

Die bewerings oor hul betrokkenheid word in 'n ernstige lig beskou. Hy kan nie sê wat die bewerings is nie. Daar moet vasgestel word of dit waar is of nie.

Hy het gesê 'n interne ondersoek sal gehou word waarna besluit sal word oor verdere optrede of nie.

Hy kon nie sê of nog mense geskors gaan word nie. Dit hang van die ondersoek af.

Dr. Chris Liebenberg, DA-lid van die Noord-Kaapse wetgewer, het gesê: "Ons bevraagteken die motiewe vir die skorsing van dié amptenare. Anderson is sedert 1991 betrokke by die bewaring van die flaminke. Hy en ander mense het die Red-die-Flaminke-veldtog begin. Hulle het nie die voorgestelde ontwikkeling in die area bevraagteken nie, maar hulle het die gehalte van die water van die dam bevraagteken.

"Net so oor die 9 000 kuikens het onlangs uitgebroei en dit sal 'n misdaad wees om toe te sien dat hierdie kuikens weens die gehalte van die water doodgaan."

Liebenberg het gevra of die skorsing 'n politieke oorsprong het en hoekom. Watter beloftes is deur politieke leiers aan die ontwikkelaars gemaak?

Hy het gesê Anderson gaan na verneem word binnekort die pos as uitvoerende direkteur by Birdlife South Africa aanvaar. Dit was voor sy skorsing aan sy hoofde bekend. So hoekom die skorsing?

Mej. Dorothy-Anne Howitson van Kimberley het gister in 'n brief aan *Volksblad* gesê dié drie het uit hul pad gegaan om die natuur te beskerm. Hulle het 'n studie van die flaminke-projek gemaak en nou hou wetenskaplikes van oor die wêreld heen die flaminke dop.

Sy het gesê dit is skokkend dat 'n "polisie-inspekteur na bewering onder die invloed van alkohol kan bestuur saam met 'n halfkaal vrou in sy motor", maar aanhou werk, terwyl dié mans geskors is.

"Daar is soveel ander probleme. Die rioolstelsel in die stad wat nie werk nie, omdat beamptes eerder in hulle gesellige kantore sit. Die diens van die departement van gesondheid is net so pateties en niks word aan personeellede gedoen wat nie hul werk doen nie."

VOLKSBLAD NOORDKAAP, 13 AUG. 2008


# Drink op jou eie gesondheid met Lifegain

Mense wat aan chroniese siektes of uitmergelende siektetoestande ly, het 'n nuwe bondgenoot waaroor hulle nie maklik uitgepraat raak nie.

**Lifegain**, 'n skommeldrankie wat nou by apteke beskikbaar is, is wetenskaplik geformuleer om mense wat die gesondheidspad byster geraak het, weer op koers te kry.

**Lifegain** se geheim lê in sy formule. Dit kombineer 'n drievoudige proteïen-basis (verkry uit 'n nuwe gepatenteerde water-ekstraksieproses) met 21 aminosure (komplekse proteïene) en 24 minerale en vitamiene wat verbruikers laat gedy.

**Lifegain** se soja, aminosure, vitamiene en minerale help die menslike liggaam onder mee om:

- Vinniger na **siektes** en **operasies** te **herstel**
- **Hart- en aar-gesondheid** te ondersteun
- **Bloedsuikervlakke** te stabiliseer
- Retensie van **kalsium** en **mineraal**-inhoud in die **bene** te ondersteun
- **Oorgang-simptome** teen te werk
- **Fisiese** en **psigiese** moegheid teen te staan
- **Immuunrespons** aan te wakker om sodoende opportunistiese infeksies teen te staan
- Op **koers** te bly wanneer jy straf **oefen**

Daarbenewens is **Lifegain** ( indien dit met melk geneem word) 'n volledige maaltydvervanger wat 'n lekker stadige en gelyke vrystelling van energie tot gevolg het. Uit hoofde hiervan en die veelvuldige gesondheidsvoordele neem die verbruik van **Lifegain** ook onder gesonde mense toe.

**Lifegain** kos tans tussen R195 en R250 vir 'n kilogramblik wat 33 bedienings (meer as 'n maand se voorraad) bevat.

Indien jou apteek dit nie in voorraad het nie, vra dat hulle dit bestel van die farmaseuties groothandelaar. Laasgenoemde lewer daagliks af.




Vir verdere inligting, skakel Nativa by:

Telefoon:012-664-7110
Faks:012-664-8031
E-pos:health@nativa.co.za
Webwerf:www.nativa.co.za

PrivaatsakX1030
Lyttelton
0140

Verbruiksorg-lyn
0860628482